
Heilbron
# Herald

If it is not in the Heilbron Herald, it is only a rumour.

WEEK 1 Deel 111
VRYDAG - 10 JANUARIE 2020

www.heilbronherald.co.za
R5-00 (BTW ingesluit)

# Bronnies doen dit al 23 keer



*Sien matriekuitslae van Hoërskool Heilbron op bladsy 6.*

# Wilgies onder Vrystaat se bestes



Johnny Muller en Diana Mouton het Dinsdag skouers geskuur met die Vrystaat se beste akademiese presteers tydens die funksie in Bloemfontein vir Top Presteerders 2019 in die Vrystaat. Johnny, met 'n gemiddelde persentasie van 93.5% eindig sewende en Diana se 88% plaas haar onder die top 50. Wilgerivier se hoof, mnr Hennie Pelster loop breëbors met die skool se matriekuitslae maar sê ook dis te danke aan harde werk en Genade van bo.

Wilgerivier eindig onder die top tien skole in die Vrystaat en is een van 11 skole in die Fezile Dabi distrik wat 100% slaagsyfer behaal. Johnny is ook onder die top tien leerders vir Rekeningkunde (96%) en Fisiese Wetenskap (99%).

*Op die foto vl: Diana Mouton, Hennie Pelster (Skoolhoof van Hoërskool Wilgerivier) en Johnny Muller.*

# Beurtkrag steeds 'n hoofpyn

Fase 6 van beurtkrag, wat nog net eenkeer toegepas is, lyk na 'n veel meer algemene gebeurtenis in 2020 aangesien die aanvraag op die aanleg op gevaarlike hoë vlakke bly. Fase 6 beteken dat 6000 MW van die net verwyder word om te voorkom dat die stelsel onstabiel raak. In Gauteng, waar intervalle vir beurtkrag tot en met vier uur lank duur, kan Eskom-kliënte gemiddeld tien uur per dag sonder elektrisiteit wees. Oor die naweek het Eskom na fase 2 van beurtkrag oorgeskakel om 2000 MW van die netwerk af te haal. As die vraag op normale vlakke was, terwyl almal weer by die werk was, sou dit Saterdag en Sondag na Fase 6 moes oorskakel. Die vraag oor die vakansietydperk is ongeveer 4000 MW laer as normaal. Chris Yelland, besturende direkteur by EE Business Intelligence, wat die vraag en werkverrigting van Eskom dophou, sê dat die vraag van elektrisiteit in die laaste week van Januarie 2018 28864 MW was. In die laaste week van Desember het die vraag so laag as 25294 MW gedaal. Volgens Eskom moet die onklaarraking van aanlegte tot 9500 MW se kapasiteit beperk word om beurtkrag te voorkom. Die afbreekpunte was die afgelope twee weke aansienlik hoër en het Vrydag 14096 MW bereik. Maandag se afbreekpunte was 06:00 op 13119MW. Ondanks die pogings van die bestuur van Eskom in die afgelope twee jaar, het die energievoorkomingsfaktor steeds afwaarts bly neig. Oor 2019 as geheel was Eskom se faktor vir energie beskikbaarheid 67%, sê Yelland. Dit vergelyk met 72% oor 2018 en 79% oor 2017.



# In die huwelik bevestig



*Elsabé Keogh, dogter van John en Rita Keogh en Andries Müller, seun van Gerrie en Cornelia Müller is getroud op 14 Desember 2019 en hou makietie op Lions Lake naby Frankfort. Elsabé is 'n grafiese ontwerper by Heibron Herald sedert 2018 en Andries 'n gekwalifiseerde passer en draaier en begin sy eie besigheid binnekort in Heilbron. Die paartjie vestig hulself in Heilbron en is opgewonde oor hul toekoms saam.*

# Skeerstoor Kroeg open sy deure

Die Skeerstoor Kroeg het 'n behoorlike boere-opskop op oujaarsaand aangebied in samewerking met Donsveertjie. Hierdie kroeg het sy amptelike opening gehou op 31 Desember 2019. Groot beplanning is deur Arno Els gedoen om hierdie aand 'n sukses te maak en Die Skeerstoor Kroeg se personeel het vir weke aaneen gewerk om alles reg te kry vir die geleentheid. Selfs 'n Springkasteel was opgeslaan om die kinders te vermaak. Met slegs 150 kaartjies beskikbaar en uitverkoop teen 28 Desember het die geleentheid uit sy nate gebars en moes Die Skeerstoor Kroeg reg staan om op die oueinde 230 mense te verwelkom. Die middernag-vuurwerke was beslis 'n hoogtepunt van die aand om die nuwe jaar te verwelkom. DJ Tech-Hannes en die nuutgeboude dansvloer deur Willie Pieters het tonne dans-genot aan almal verskaf. Daar was ook vure tot elkeen se beskikking om 'n lekker braai-vleisie te kon braai. Om die aand interessant te maak is daar net na middernag 5 wenners aangekondig wie elkeen met 'n unieke bottel drank weggestap het.

Die Skeerstoor Kroeg se personeel het omtrent rondgehardloop om almal te probeer gelukkig hou en alhoewel die kroeg reg deur die aand baie besig was, was die aand 'n groot sukses. Die laaste gaste het die perseel om 06:00 die volgende oggend verlaat.

Die Skeerstoor Kroeg se Facebookblad bevat al die inligting oor die tye wanneer die kroeg sal oop wees. Die Skeerstoor wens almal 'n voorspoedige nuwejaar toe.



*Op die foto vl: Pryswenners: Irene Prinsloo, Johan de Lange, Arno Els ontvang namens Ryno Petzer sy prys, Jaco Calitz, Ryan du Plessis.*





# Briewe aan: Redakteur

***Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die redakteur.***

Elke vars bewolkte môre, elke blom, elke voëltjie se sang is God se stem wat vir Sy kinders sê: Hier is Ek, by My is alle dinge moontlik! Onthou, Ek sorg vir jou.

Gebed is 'n gawe van God, nie gebonde aan tyd of natuur - of dit nou winter of somer is, jy kan altyd 'n boodskap Hemel toe stuur, Hy is altyd beskikbaar. Bron onbekend.

'n Man gee vir 'n seuntjie R10 en sê: "Wys vir my dat daar 'n God is, dan gee ek vir jou R10." Dadelik antwoord die seuntjie toe vir die man: "Oom ek gee vir jou 'n R1 000, as jy vir my kan bewys dat daar nie 'n God is nie." Die man kon hom nie daarop antwoord nie want hy kon dit nie bewys nie. Hoe kon hy ook want hy het nie in sy lewe, Jesus ontmoet nie. Bron onbekend.

Jesus is: jou glimlag, jou vreugde, jou krag, jou beskerming, jou alles!

Wees volkome rustig in Sy arms. weet dat Hy jou toevou in Sy Liefde! Mag jy dit in 2020 ook ervaar. - Bron: S Joubert

Ingestuur deur Heléne Howell.

# Bekende Heilbronners oorlede

## Sam Brayshaw

Samuel Jacobus Brayshaw is oorlede op 1 Januarie 2020 in die ouderdom van 53. Hy is op Nuwejaarsdag op sy plaas naby die Vegkop-terrein gekry met 'n skietwond. Geen misdaad word vermoed nie.

Samuel het met deernis geleef as opregte Afrikanerboer en was bekend onder oud en jonk. Brayshaw het in 2009 tot 2017 as gebiedsleier van die Vrystaatse Voortrekkers gedien, maar was alreeds by die Voortrekkers betrokke sedert 1975.

Die Voortrekkerkinders was lief vir hom en hy het die kultuur 44 jaar lank, diep in Voortrekkers se harte ingetrap.

Talle boodskappe op sosiale media getuig van die groot getalle mense wie se lewens hy geraak het. Afskeid was geneem op Sondag, 5 Januarie 2020 vanuit die Nederduitch Hervormde Kerk, Heilbron.

Brayshaw word oorleef deur sy vrou, Ingrid en kinders, Hanneke, Riëtte en Nico.





## Lettie Piater

*Lettie Piater is oorlede op 8 Januarie 2020, kort voor haar 90ste verjaarsdag. Lettie was jarelank in die Apteekbedryf. Sy het eers Lomax, Smuts Apteek, Veltman Apteek en met aftrede by Riemland Apteek gewerk. Mense en naastediens was haar passie en sy was jare betrokke by die OVV. Sy was lief vir tuinmaak en baie presies op haar tuin. Sy sou April 2020 90 jaar oud geword het en het steeds in haar huis gebly om sover moontlik onafhanklik te wees ten spyte van kroniese pyn in haar bene. Sy het altyd reggestaan met eetgoed en tee vir almal wat haar besoek het.*

## Elsabé Bothma



Elsabé Bothma, eggenote van wyle Frik Bothma, is die 24ste Desember 2019 in die ouderdom van 69 jaar oorlede, na 'n lang siekbed.

Elsabé was lid van Heilbron Tuinbouklub asook jarelange lid van Heilbron VLU, waar sy haar onderskei het as 'n uiters bekwame voorsitter.

Haar troosdiens is Dinsdag 14 Januarie 2020 om 10:00 vanuit die AP Kerk Heilbron. Die diens sal waargeneem word deur ds Willem van Schalkwyk.

Sy laat na haar seuns Werner en Frik Jnr, skoondogter Reinette, 3 kleinkinders, familie en vriende.

## HELP POLICE FIND FAMILY OF DECEASED

Bethlehem detectives are looking for family of a deceased man who is estimated to be 35 years.

The deceased was found by a passer-by at Commissioner Street on 22 December 2019 with stab wounds in the head, but was still alive. The passer-by alerted the police and he was taken to the hospital where he later died on 25 December 2019.

The deceased was wearing blue denim pants with black and white tekkies and without a top. He has a tattoo on his right hand, a cross and the letters "DSM", below the letters DSM the word "Small" is tattoed. He is dark in complexion.

Anyone with an information that might assist in finding the deceased's family or relatives may contact Detective Warrant Officer Nkosana Radebe on 073 584 6155.


| POSITION TITLE | Inbound Supply Manager, Pakworks (Pty) Ltd |
|---|---|
| MAIN PURPOSE OF ROLE AND GENERAL ROLE EXPECTATIONS | Pakworks is an industrial food processor in South Africa that manufactures snacks for blue chip companies.<br><br>The position will report to the Logistics Manager and will be accountable for inbound and logistics including raw material requirement planning, inventory management, risk management and supplier relationships. |
| LOCATION | The position will be based in Heilbron, South Africa. |
| REQUIRED MINIMUM EDUCATION/TRAINING | Relevant degree/tertiary education.<br>Advanced computer literacy – MS Office and Pastel Partner.<br>Proven record in procurement. |
| REQUIRED MINIMUM WORK EXPERIENCE | ▪ Minimum 3 years experience in required trade.<br>▪ FMCG Environment. |
| KEY PERFORMANCE AREAS | ▪ Logistics planning, management and Raw Material stockholding strategy.<br>▪ Supplier and Customer relations.<br>▪ Procurement of Peanuts and key materials.<br>▪ Risk Management.<br>▪ Management reporting.<br>▪ Financial operations and projects.<br>▪ People Management and Leadership. |
| COMPETENCIES | ▪ Advanced Logisticss Management and Procurement.<br>▪ Knowledge of the food industry.<br>▪ Excellent verbal and written communication skills.<br>▪ Planning and organising skills.<br>▪ Problem identification, analysis and solving skills. |
| BEHAVIOURAL COMPETENCIES | ▪ Good Management and Leadership skills.<br>▪ Analytical thinking.<br>▪ Accountability.<br>▪ Innovative power.<br>▪ Result orientated.<br>▪ Stress Management.<br>▪ Ability to work independently and as part of a team.<br>▪ Live the Company's values. |

PAKWORKS

**Closing date: 24 January 2020.**
**Forward comprehensive CV to the Human Resources Manager – Riana Greyling**
**Tel: 058 852 3068 * Fax: 058 852 2216 * E-Mail: riana@pakworks.co.za**

# TRIXIE



**EERS WAS DAAR BOLLIE, DIE WOLLERIGE HONDJIE.** Sy was al amper op haar laaste bene toe Brakenjan eendag by die huis aankom. Ek en my ou pa het vir hom water en kos uitgesit, en vir 'n paar dae het hy homself op die stoep tuisgemaak. Later het Brakenjan my ou pa se beste maat geword. Hy het alles saam met my ou pa gedoen. As my ou pa druiwe korrel, staan Brakenjan nader en eet saam met hom druiwe. Hy het waatlemoen geëet soos 'n mens.

Brakenjan het saam met my ou pa onder die kar gaan lê om te kyk waar dit olie lek. Met sy snoet baie naby aan my ou pa se snoet. Dan blaas my ou pa in sy rigting, want die spasie is effens min onder die kar.

"Brakenjan! As jy my vandag in my gesig lek, dan byt ek jou neus af!" Brakenjan loop dan so drie tree en gaan lê en bekyk my ou pa.

Brakenjan het ook toe eendag sy kosblik ingegee. My ou pa was baie hartseer toe hy vir Brakenjan moes gaan begrawe. In daardie dae het ek reeds gewerk en een van my kollegas het die trotse pa van agt klein hondjies geword. Een van die tefies word toe opsluit na my ou pa toe gestuur. Met een of ander ghrênd naam.

Toe die hondjie by hulle huis aankom, is sy vol vlooie. 'n Regte vlooitaxi. En toe word Taxi sommer Trixie. Trixie het my ou pa se skaduwee geword. Wanneer ek gaan kuier het, was Trixie histeries wanneer sy my kar hoor stop, totdat ek haar gaan soek het en haar lang, maer lyfie gevryf het. Steekhaarbrakkie. Ons tuinman het eendag gevra wat met ons hond gebeur het, omdat sy so lank is. Dalk is daar iewers 'n Worsie in haar stamboom.

Toe my ou pa in 2018 siek word, het ons hom en my ma gaan haal om na ons toe te kom sodat my ou pa by 'n dokter kan uitkom. Ons het nie geweet hoe lank hulle van die huis af sou wees nie, en pak toe sommer vir Trixie in.

**DIT WAS TRIXIE SE TWEEDE MOTORRIT.** Die eerste motorrit was 'n miljoen jaar gelede na my ouerhuis toe, en die tweede een na ons toe. Trixie was, om die minste te sê, glad nie daarmee beïndruk nie.

Ons het haar hondekassie saamgebring, met haar eie kosbak, sodat sy tuis kan voel. Maar my mensehart het verkrummel toe ek haar die nag buitekant moes laat slaap. Sy het opsluit haar eie kombersie gekry en het in die kombuis geslaap.

Trixie was natuurlik glad nie gewoond daaraan om binne-in die huis te slaap nie, en ek moes gereeld vroegoggend die kombuisvloer was voordat ek werk toe gaan. Partykeer was my wederhelf vroeg genoeg om vir haar die kombuisdeur oop te maak voordat die behoefte te groot is.

Trixie se ogies was al dof toe sy by ons kom bly het, en soos wat die tyd verloop het, sy haar ogies dowwer geword. Sy was later doof ook, maar dit het haar glad nie gepla nie.

Die eerste winter wat sy by ons kom bly het, het sy in die swembad geval. Ons was betyds om die bewende streekhaar uit die dieper kant van die swembad te haal. Sy het mos nou haar les geleer.

Of so het ek gedink.

My goeie man gaan gewoonlik Woensdae na die manne se vroegoggendbyme-kaarkom by die kerk. Hy is so net ná vyfuur die oggend uit.

So is hy toe die oggend vroeg uit, en ek hoor hoe die groot hond knor en blaf. My eie persoonlike lyfwag, Dollieshond, tjank fyntjies. Ek draai weer behaaglik om en wonder hoekom diè twee so bedrywig is.

Die blaf en tjank hou nie op nie. Inteendeel, dit word al hoe erger.

**EK STAAN TOE LATER OP OM TE GAAN KYK WAAROM DIE DIERE SO ONGELUKKIG IS.**

En daar hang Trixie aan die kant van die swembad, sy huil haar longe uit, want sy kom nie uit nie. Ek haal die arme, bewende dingetjie uit die swembad en draai haar sommer in die eerste beste handdoek toe. Sy bewe haarself tot by haar kosbakkie.

'n Paar dae ná my ou pa se dood was ons sy wasgoed. Ek gooi sommer die hoop vuil klere en beddegoed op die vloer om dit te sorteer. Trixie kom verby, snuif aan alles, en gaan lê mooitjies op my pa se kombersie.

Trixie het later soos 'n kat geword: sy het om jou voete gehang, soveelso dat jy haar kort-kort raakgetrap het. Wanneer ek 'n langerige rok aangehad het, het sy langs my kom staan met my rok se soom oor haar neus. Sy sou dan so bly staan, nes 'n standbeeld, totdat ek beweeg. En selfs dan het sy net beweeg omdat sy moes.

Trixie het die hart van 'n leeu gehad: sy het die groot hond se kos uit sy bakkie gaan eet. Groot hond kon maar vir haar knor, dit het haar glad nie gepla nie, want sy kon in elk geval niks hoor nie.

Trixie het al hoe moeiliker beweeg. Sy het agter begin bloei, maar wanneer ons haar dreig dat sy sommer more veearts toe sal gaan om uitgesit te word, was die bloed weg. Springlewendig.

Saterdag voor Kersdag bloei sy al vir vier dae lank. Ek vryf oor haar steekhaarneus, en voel twee klein knoppies wat soos gewasse lyk. Sy staar my aan met die ou blinde ogies.

**VANDAG IS DIE DAG.**

Ek en my ander helfte tel haar saggies op haar kombersie en vat haar veearts toe.

"Hierdie hondjie is 'n miljoen jaar oud."

Die ontvangsdame kyk my snaaks aan.

"Hoe oud is sy regtig?"

"Geen idee die. Ons weet sy moes al 20 gewees het."

Die veearts meen ook dat dit die beste sal wees om haar hondehemel (as daar so iets is) toe te stuur.

Ou Trixie blaas haar ou asempie uit terwyl sy slap word onder my hand.

"Dankie dat jy so goed was vir ou pa."

En ek tjank ook 'n steekhaarbrakkie was nooit myne was nie.

# KERKNUUS

**NG MOEDERGEMEENTE**
**Sondag:** 09:30 Gesamentlike Erediens (Suid)

**NG SUID**
**Sondag:** 09:30 Gesamentlike Erediens (Suid)
Sin Kol: Fonds vir Predikante Begeleiding Jeugkommissie

**GEREFORMEERDE KERK**
**Sondae:** 09:30 Erediens
Diensbeurte: Wyk 3 en 4

**NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK**
H/v Stoffelnel- en Nicolstrate
**Sondag:** 10:30 Erediens / Kategese 10:00
Kontak Ds L.M. Prinsloo 083 943 4561

**AGS, PLEINSTRAAT 72**
**Sondag:** 10:00 Erediens
**Woensdag** Biduur: 18:30, **Vrydag:** 19:00 - Jeug
Kontak: Past. L.B. Deysel. Tel: 058 853 1016

**CHRISTUS GEMEENTE**
(H/v Right- en Gilbertstraat) - **Sondag:** 09:30 Erediens

**AP-KERK**
Tweedestraat, Vegkop-uitbreiding
**Sondag:** 10:00 Erediens (Heilbron)

**METHODIST CHURCH**
**Sunday**: Worship service 09:30 each Sunday.
Almal welkom / All welcome.
Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

**GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA**
**Sondag** 10:00 Erediens - Kontak M.P. Malindi 078 054 2862

**EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE**
Eredienste op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

**EVANGELIES GEREFORMEERDE KERK FRANKFORT (MARKSTRAAT 20)**
**Sondag:** 10:00 Erediens / 18:00 Aanddiens
**Woensdag** Biduur: 18:00
**Navrae:** Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

**AGS PETRUS STEYN**
**Sondag:** 10:30 Erediens
Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477
**Woensdag** Biduur: 18:00

**PENTECOSTAL CENTRE**
(Assemblies of God, Sandersville)
**Sondag:** 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens
**Maandag:** 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur
**Woensdag**: Huissel / **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand
**Vrydag:** 18:00 Jeugaand / **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.
Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190
Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

**AGS KERK SANDERSVILLE**
**Sondag:** 10:00 Oggenddiens. **Maandag:** 06:00 Huissel,
**Woensdag** Biduur: 06:00. Kontak: P. van Staden

**CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE**
**Sondag:** Heiligmaking om 10:30
**Dinsdag:** 17:00 Jeugdienste & Oefeninge
**Woensdag:** 17:00 Gemeentediens & Biduur
Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

**AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT**
**Sondagskool** 09:00 / **Oggenddiens:** 10:00
**Dinsdag:** 10:00 Biduur / **Donderdag:** 10:00 Bybelstudie
Navrae: JC Smith 063 247 4774

**DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF**
Sien ons webblaaie: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe. Navrae: Bel/SMS 079 833 3283
(He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes).

Heilbron Herald

# GEMEENSKAPSNUUS


**Op en Wakker Dienssentrum**
vir Bejaardes Reitz

*Program vir week*

**Maandag**
09:00 Kooroefening
**Dinsdag**
09:00 Bloeddrukke
**Woensdag**
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg
**Donderdag**
10:00 Sosiale program
**Vrydag**
09:00 Bybelstudie
**Kontakpersoon**
**Petro Pretorius**
**082 325 1322**

**Heilbron Dienssentrum**
*Breëstraat 57, Heilbron • Tel: 072 220 7272*
Bestuurder: S. Meades

**PROGRAM**
**MAANDAE:**
08:45 - Gimtrim
**DINSDAE:**
09:30 - Bloeddrukke word geneem.
10:00 - Ledeprogram (Elke week iets anders)
**WOENSDAE:**
10:00 - Speletjies, Jukskei, ensovoorts. (Elke week iets anders).
**DONDERDAE:**
17:00 Kooroefening
***Geen byeenkomste tydens skoolvakansies***




**RIEMLAND MUSEUM TYE**
**VRYDAE 09:00 - 13:00**
Vir enige navrae kontak Quarta Pretorius 082 821 2410 of Magdaleen van Rensburg 076 646 8576

# DIE RUS INGEGAAN

†Petronella Helena Jacobs is oorlede op 25 Desember 2019 in die ouderdom van 59. 'n Roudiens het plaasgevind op 3 Januarie 2020 by die Gereformeerde kerk, Heilbron. Ds Tommy van Vuuren het die diens waargeneem. Sy laat na haar vriende en familie.

† Willem Meyburgh is oorlede op 26 Desember 2019 in die ouderdom van 77. Die Roudiens het plaasgevind op 6 Januarie 2020 in die AGS kerk, Heilbron. Die diens was waargeneem deur Pastoor Leon Deysel. Hy laat na sy vriende en familie.

† Setaoana Meshack Mokoena is oorlede op 29 Desember 2019 in die ouderdom van 68. Die begrafnis het plaasgevind in Petrus Steyn op 4 Januarie 2020.

† Ivy Mofokeng is oorlede op 29 Desember 2019 in die ouderdom van 46. Die begrafnis het plaasgevind op 4 Januarie 2020 by Heilbron begraafplaas. Sy laat na haar vriende en familie.

† Jeremiah Jesaja Bothma is oorlede op die 2de Januarie 2020 in die ouderdom van 88. 'n privaat roudiens vind plaas op 11 Januarie 2020. Hy laat na sy vriende en familie.

# Hoërskool Heilbron doen dit weer!

Die skool se trots loop hoog nadat die matrieks van 2019 weereens 100% slaag. Daar was 32 matrieks in 2019, en die skool behaal 24 onderskeidings, 22 leerders (68,75%), slaag die NSS-eksamen met vereistes vir Baccalaureus graadstudie en 10 leerders (31.25%) slaag met vereistes vir Diplomastudie.

Onder volg 'n lys van matrikulante met onderskeidings in hakkies:

Bennink Wolter, Bezuidenhout AJ, Daniel Robert, Faul Naomie, Fox Ruan, Greeff Alicia (Wiskundige Geletterdheid), Henn Mike, Jooste de Jager (Lewensoriëntering, Ingenieursgrafika en ontwerp), Malindi Sipha, Matthee Marni (Lewensoriëntering), Monyai Rethabile, Mouton Sarel (Lewensorientering), Msimanga Dalene, Peach Carissa (Engels, Lewensoriëntering, Lewenswetenskappe), Poulton Shamilla, Pretorius Janie (Wiskundige Geletterdheid, Lewensoriënting), Pretorius Estian, Prins Tomari (Engels, Lewensoriëntering, Rekeningkunde, Lewenswetenskappe), Roodt Lea, Roos Corjan, Schoeman Pontsho, Smit Madelein, Smith Riché-Dené, Stander Shané, Megan Strydom (Lewensoriëntering, Lewenswetenskappe), Swart Micaela (Wiskundige Geletterdheid), Van der Mescht Sirlene, Van der Westhuizen Johan (Lewensoriëntering), Van Niekerk Rudi (Wiskundige Geletterdheid), Van Zyl Roxanne, Watson Amané (Afrikaans, Lewensoriëntering, Rekeningkunde, Lewenswetenskappe, Fisiese Wetenskappe), Witbooi Lauren.



*Op die foto voor vl: Lea Roodt, Naomie Faul, Marni Matthee, Amané Watson en Dalene Msimanga. Middel: Shamilla Poulton, Monyai Rethabile, Janie Pretorius, Megan Strydom, Alicia Greeff en Lauren Witbooi. Agter vl: Carissa Peach, Robert Daniel, Rudi van Niekerk, Wolter Bennink, Corjan Roos, Mike Henn en Estian Pretorius.*






**Verdere matriekuitslae sal in ons volgende uitgawe verskyn.**

## Suid-Afrika 2019 matriek resultate breek rekord

Die gesamentlike slaagsyfer vir die jaarlikse matriekuitslae het vir die eerste keer die 80%-punt oorskry sedert die koms van demokrasie in 1994. Sommige van die plekke het egter beter gevaar as ander en die amptelike matriekuitslae vir die klas van 2019 is onthul nadat Angie Motshekga, Minister van Onderwys, Dinsdagaand die media toegespreek het. Die 800 000 plus matrikulante wat hierdie jaar geslaag het, eindig met die hoogste slaagsyfer ooit, altesaam 81,3% regoor die land. Dit is 'n 3% toename van die 78,2% slaagsyfer die vorige jaar. Agt van die nege Suid-Afrikaanse provinsies het hul algehele slaagsyfer verhoog. Die mees digbevolkte streek in Suid-Afrika, Gauteng, was die enigste provinsie wat swakker presteer het en op sy plek bo-aan die tafel oortref het. Vrystaat is nou die provinsie wat die beste presteer het met die slaagsyfer. Die provinsies presteer as volg: Vrystaat 88.4% op met 0.9%, Gauteng 87.2% af met 0.7%, Noord-Wes 86.8% op met 5.6%, Wes-Kaap 82.3% op met 0.8%, KwaZulu-Natal 86.8% op met 5.6%, Mpumalanga 80.3% op met 1.4%, Oos-Kaap 76.5% op met 5.9%, Noord-Kaap 76.5% op met 3.2%, Limpopo 73.2% op met 3%. Uit die top tien distrikte wat in die land presteer het, was ses van Gauteng, twee uit die Vrystaat en een elk uit die Noord-wes en die Noord-Kaap. Die Fezile Dabi Distrik met 'n slaagsyfer van 90.3% presteer die beste van al die distrikte in die Vrystaat.





**BESIGHEIDSURE**

**Maandae tot Donderdae:**
07:30 tot 17:00
**Vrydae:**
07:30 tot 16:30
**Saterdae:** 08:30 tot 13:00

**Besoek ons vir al u skryfbehoefte benodigdhede, digitale drukwerk, wye formaat drukwerk, korporatiewe drag, geskenke, kantoormeubels, oorpakke, veiligheidsklere en -skoene, informele drag en vele meer ...**

Herald
Office National

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
Faks: 058 853 0140
heraldnuus@heilbron.co.za

## terugblik



*Heilbron Herald, 17 Februarie 2012 - Jan en die Boontjierank.*
*Diegene wat glo dat feeverhale nie waar word nie, kan gerus 'n besoek aan mnr. Jan van Zyl van Heilbron se werkswinkel, Olien aflê. Hierdie reuse lappiesboontjierank het teen 'n kabel opgerank en is so hoog soos die dak. "Ek het nog nie die reus gaan opsoek nie, maar wel vir hom gevra om asseblief nie my dak stukkend te trap nie," het hy skertsend gesê. Volgens hom is lappiesboontjies 'n droëboon wat veral heerlik in soppe is. "As jy hom vroeg oes, kan jy dit as groenbone ook geniet."*

# Simptome van vergiftiging

## By jou troeteldier

Wat is die eerste tekens dat my troeteldier vergiftig is en dringend mediese behandeling benodig?

Kwaadwillige vergiftigings van troeteldiere, veral honde, is 'n afskuwelike misdaad en raak ongelukkig daagliks meer algemeen in Suid-Afrika. Alhoewel almal van ons hoop dat dit nooit met een van ons eie troeteldiere sal gebeur nie, is die beste wat ons kan doen om voorbereid te wees en te weet wat die tekens van vergiftiging is.

Die algemeenste gif wat deur diewe gebruik word, is aldikard, ook bekend as 'two-step'. Aldikard is 'n korrelige swart stof, is die aktiewe bestanddeel van sommige plaagdoders, maar word nie meer wettiglik in Suid-Afrika verkoop nie. Die gif word gewoonlik in viennas, russians of maalvleis geplaas en vir die honde gevoer. Sodra die honde oorlede is, is die huise 'n makliker teiken vir huisbrake of diefstal. Kliniese tekens kom vinnig by vergiftigde honde voor en bevat oormatige speeksel, braking, diarree, probleme met asemhaling, bewerasie, disoriëntasie, verlamming en selfs aanvalle. In sommige gevalle word klein, fyn pupille gesien, maar kan afwesig wees.

'n Algemene verwaring is dat dit slegs 'n tydelike episode is en dat geen behandeling of slegs tuisbehandeling nodig is nie.

Sodra vergiftiging vermoed word, jaag onmiddellik met u hond na die veearts vir noodbehandeling.

U kan die veearts help deur te bel terwyl u op pad is om hulle voor te berei vir die aankoms van u hond.

Om vergiftiging te voorkom, hou u hond weg van u voortuin en laat hulle snags binne slaap vir u en die hond se eie veiligheid.

## Het jy geweet ?...

Die Suid-Afrikaanse Rand is in 1961 aan die publiek bekendgestel via 'n radio-klingel en 'n gelukbringer met die naam Decimal Dan (die 'rand-sent-man'). Die rand is vernoem na die Witwatersrand, waar die beroemde goudmyne van die land geleë is. Dit het oor die jare heen Jan van Riebeeck, verskillende diere en mees onlangs, Nelson Mandela, vertoon. Ons jongste note en R5-muntstukke is in 2018 bekendgestel ter viering van Mandela se 100ste verjaardag. Die muntstuk het die eienskap dat wanneer jy na die 1918 kyk vanaf 'n skuins posisie, lees mens 2018, en die note beeld almal dele van Mandela se verhaal uit.


| POSITION TITLE | Food Safety Officer, Pakworks (Pty) Ltd |
|---|---|
| MAIN PURPOSE OF ROLE AND GENERAL ROLE EXPECTATIONS | Pakworks is an industrial food processor in South Africa that manufactures snacks for blue chip companies.<br>The position will report to the Quality Assurance Manager and will execute all plans, procedures and corrective actions to ensure a sustainable food safety system. |
| LOCATION | The position will be based in Heilbron, South Africa. |
| REQUIRED MINIMUM EDUCATION/TRAINING | A degree in Food Tech/Diploma in Environmental Health or Certificate in Food Premises Inspection<br>Understanding HACCP<br>Computer literate – MS Office<br>Communication and Leadership Skills<br>Business Excellence |
| REQUIRED MINIMUM WORK EXPERIENCE | ▪ Minimum 3 years experience in required trade.<br>▪ FMCG Environment. |
| KEY PERFORMANCE AREAS | ▪ Maintenance of Food Safety policies and standards and alignment of the Quality Assurance Lab to the best practices as required.<br>▪ Food Safety and Quality Auditing Bodies.<br>▪ Hygiene and Sanitation.<br>▪ Pest Control.<br>▪ Ensuring compliance to all food safety standards and requirements.<br>▪ Ensure and maintain integrity of all Food Safety data.<br>▪ Ensuring safe working practices within area of responsibility. |
| COMPETENCIES | ▪ Integrity.<br>▪ Operational Excellence.<br>▪ Planning and Flawless execution.<br>▪ People Development. |
| BEHAVIOURAL COMPETENCIES | ▪ Highly motivated and results orientated.<br>▪ Work and operate independently.<br>▪ Ability to trouble shoot, remain calm and initiate effective solution in crisis.<br>▪ Positive attitude.<br>▪ Live the Company's values. |

**Closing date: 24 January 2020.**
**Forward comprehensive CV to the Human Resources Manager – Riana Greyling**
**Tel: 058 852 3068 * Fax: 058 852 2216 * E-Mail: riana@pakworks.co.za**

Herald Sport

# Rolbalseisoen open vir die nuwejaar

Met al die feestelikheid agter die rug is dit weer tyd om die leisels vas te vat. Ongelukkig is 2019 afgesluit met die slegte nuus dat Christo Fourie,oud President van NVS,in die hospitaal opgeneem is met 'n beroerte aanval, alhoewel hy steeds in die hospitaal is herstel hy baie goed.

Die jaar begin met Hannalie Claassen, Magda Bierman, Gerald Rademeyer en Gustav Booysen wat Saterdag in Welkom gaan meeding teen die wenners van die ander sub-distrikte.

Saterdag 25 Januarie word die dames en mans viere kompetisie hier by Heilbron rolbalklub aangebied.

Die groot organisasie het ook reeds begin vir die aanbieding van die deurnag toernooi wat sal plaasvind op 28 Februarie.




Heilbron
## GHOLFKLUB
Datums vir 2020

| | | | |
|---|---|---|---|
| 11 JAN | Mug & Liga Proewe | 4 JUL | Mug |
| 18 JAN | Liga Frankfort | 11 JUL | VKB Gholfdag |
| 1 FEB | Hoërskool Heilbron Gholfdag | 25 JUL | Liga Clarens |
| 8 FEB | Liga Vrede | 31 JUL - 1 AUG | Boeretreat |
| 15 FEB | Mug | 8 AUG | Mug |
| 22 FEB | Sundowner's | 21-22 AUG | Ryder Cup op Heilbron |
| 29 FEB | Mug & Kopanong Dag | 29 AUG | Dames Gholfdag |
| 7 MAR | Liga Petrus Steyn | 29 AUG | Liga Reitz |
| 28 MAR | Klubkampioenskappe | 5 SEP | OK / Total Gholfdag |
| 4 APR | NG Suid Kerkdag | 12 SEP | Liga Bethlehem |
| 11 APR | Mug | 19 SEP | Mug |
| 18 APR | Liga Kestell | 20-27 SEP | Baan Gesluit |
| 2 MEI | Mug | 3 OKT | Mug |
| 9 MEI | APK Gholfdag | 10 OKT | Spar Gholfdag |
| 16 MEI | Liga Heilbron | 31 OKT | RSA Gholfdag |
| 30 MEI | President vs Kaptein Gholfdag | 7 NOV | Mug |
| 6 JUN | Liga Harrismith | 11 NOV | AGM |
| 13 JUN | Caltex Gholfdag | 21 NOV | Prestige Gholfdag |
| 20 JUN | Mug & Liga Proewe | 5 DES | Klubdag |
| 26-27 JUN | Bokkedag | 12 DES | Mug |


## OFFICE NATIONAL SPECIAL

Valid from 2 December 2019 - 31 January 2020

**R2 590 incl. VAT**

Herald

Econo Stationery Cabinet
1800 x 900 x 450
4 Shelves

Office National



Ivory/Karoo only





## JAARPROGRAM : 2020
## RIEMLAND JAGTERSVERENIGING

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 1 FEBRUARIE | PRETSKIET | 09:00 |
| 15 FEBRUARIE | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 7 MAART | SKIET OEFENING | 09:00 |
| 14 MAART | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 18 APRIL | RIEMLAND OPE PRYSSKIET | 09:00 |
| 24-27 APRIL | HUNTEX | |
| 23 MEI | CHASA KWALIFISERING / VERBETERING | 09:00 |
| 30 MEI | BLOEMFONTEIN-INTERTAK SPORTSKIET | |
| 6 JUNIE | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 25 JULIE | OVER UNDER SPANSKIET | 09:00 |
| 15 AUGUSTUS | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 29 AUGUSTUS | BOSVELD OEFENING | 09:00 |
| 5 SEPTEMBER | JEUGSKIETDAG | 09:00 |
| 26 SEPTEMBER | INTERTAK SPORTSKIET : BLOEMFONTEIN | |
| 3 OKTOBER | GROEPERING SKIET | 09:00 |
| 3 OKTOBER | TROFEE MEET | 09:00 |
| 17 OKTOBER | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 3 NOVEMBER | JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK | 18:30 |
| 21 NOVEMBER | "D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS | |
| 31 DESEMBER | LEDEGELDE VIR 2021 MOET NOU BETAAL WORD | |

## SPERTYD

vir bydraes en advertensies vir die koerant is WOENSDAG om 10:00. Indien u enige nuus het, skakel 058 852 3033


## BESIGHEIDSURE

**MAANDAE TOT DONDERDAE**
07:30 tot 17:00
**VRYDAE -** 07:30 tot 16:30
**SATERDAE -** 08:30 tot 13:00

Besoek ons vir al u skryfbehoefte benodigdhede, digitale drukwerk, wye formaat drukwerk, korporatiewe drag, geskenke, kantoormeubels, oorpakke, veiligheidsklere en -skoene, informele drag en vele meer.

*Kontak ons gerus vir flinke en vriendelike diens.*

**Elsstraat 44 • Heilbron • 9650**
**Tel: 058 852 3033**

Herald
Office National